Kenmekaar vrae

- Lekkerste kos
- Lekkerste om te drink is…
- Favourite kleur
- Favourite vakansieplek
- Favourite dier
- Favourite TV program / series
- Favourite band
- Een woord wat my beskryf
- As ek 'n super power kon hê…
- Favourite Bybelstorie
- Tandepasta tipe

Meer oor myself

- Persoon wat my al die meeste beïnvloed het
- Persoon in my familie met wie ek die minste oor die weg kom
- Persoon met wie ek tans die beste oor die weg kom
- Plek waar ek werklik tuis voel
- Iets wat ek sal verander aan myself
- Iets waaroor ek trots voel
- Wat sal ek doen as ek 'n miljoen rand wen
- Wie sal ek nooi vir ete as ek enige persoon kan kies
- My "motto" in die lewe is…

Lewensreis

- Die manier waarop ek God beleef is…
- Worship song wat ek van hou
- Teks in die Bybel wat al baie vir my beteken het
- Eienskap van God wat ek tans beleef
- Watter seisoen is ek tans in (winter, herfs, somer, lente)?
- Iets wat wat my frustreer is…
- Iets wat my bekommerd maak is…
- Iets wat my opgewonde maak is…
- My droom is…
- Ek wil die wêreld 'n beter plek maak deur…
- My verwagting vir hierdie groep is…

Kies een van die groepe vragies om mee te speel

Kies een van die volgende metodes:

- SMARTIE of ASTRO GAME: Speel bg deur kleure by elke vraag te voeg, kies net soveel vrae soos wat daar kleure lekkers is. Elkeen kry 'n beurt om 'n lekkertjie uit die boksie te haal (sonder om kleure te sien) en beantwoord daardie kleur vragie. Indien jy dit reeds daardie kleur vraag beantwoord het moet jy iemand anders kies om dit te antwoord.
- DICE GAME: Voeg nommers by die vragies (kies net 6 vragies) en gooi 'n dobbelsteen om die beurt, beantwoord dan daardie vraag. Indien jy dit reeds daardie nommer gegooi het, en die vraag beantwoord het, moet jy iemand anders kies om dit te antwoord.
- "SPEED DATING" Elkeen kry die lys vrae en verdeel dan 2-2. Elke 2 mense kry 2 minute om te "speed date" en soveel moontlik oor mekaar uit te vind met behulp van die vragies. Maak 'n geluid wanneer tyd verby is, persone skuif dan aan en en ontmoet nuwe "date"
- UIT DIE HOED: knip vragies op en plaas in 'n hoed. Elkeen kry 'n beurt om 'n vraag uit die hoed te trek en te antwoord.

BINGO
Vind mense met dieselfde antwoord as jy in elke blokkie. As jy 4 “matches” kan kry in ‘n ry, skree “bingo”.

Verjaarsdag maand	Aantal broers & susters	Geliefkoosde kleur	Vakansie plek
Skoen grootte	Geliefkoosde seisoen	Beste Bybelboek	Beste take away plek
Dieselfde eerste letter van jou naam of van	Motor of ouers se motor tipe	Geliefkoosde sport kyk of doen	Lekkerste vak op skool
Beste Bybelkarakter (uitsl Jesus)	Troeteldier gehad / huidig	Plek al gewoon	Lekkerste vrug

Nog idees

1. Almal moet ‘n item uit hul huis bring wat hulle gebruik vir ‘n **ander doel** as waarvoor dit gemaak / bedoel is. Vertel meer…
2. Almal moet ‘n item bring uit hul huis wat hul sal red as die **huis afbrand**. Vertel hoekom.
3. **Foto’s kies**… wat vertel hierdie foto van waar jy nou is?
4. **Items uit ‘n sak kies**…. Wat vertel hierdie item vir jou oor God / geloof
5. Gaan haal ‘n item uit die **natuur** wat iets oor jou / God vertel…
6. Deel **prente** uit – elkeen kies een en gesels oor hoe dit nou iets oor hom/haar lewe vertel.
7. Deel **koerante** uit. Elkeen kies ‘n berig wat hom of haar raak en vertel hoekom.
8. Teken met jou **linkerhand** (of swakker hand) hoe jou lewe tans lyk.
9. Skryf gebedsversoeke/briefies in **ballonne** en speel daarmee. Op die ou end kry elkeen kans om die briefie in sy /haar ballon wat iemand anders geskryf het te lees / daarvoor te bid.
10. Bring ‘n **song** wat tans vir jou baie beteken. Luister saam daarna.
11. **Teken** die ideale kerk. Deel julle idees met mekaar.
12. Begin ‘n **storie** vertel (‘n paar sinne) … die volgende persoon in die groep vertel dan verder ens.
13. Laat elkeen vir mekaar op ‘n briefie ‘n **kompliment** skryf en deel dan uit.
14. Laat almal ‘n **genogram** (familie verhoudings) teken en daaroor gesels.